

Pinehas tree op vir die eer van die Here (OP59)

Num 25:1-18

26 September 2021

Die afgelope drie weke het ons gekyk na die gebeure waarby Bileam en Balak betrokke was. Balak het bang geword toe die groot volk Israel konings Sihon en Og van die Amoriete verslaan het en op die Moabsvlakte aangekom het. Hy het Bileam laat haal om die volk te vervloek. Die Here het Bileam egter herhaaldelik gewaarsku dat hy net mag sê wat die Here sê. Die Here het Bileam en Balak met die Abrahamverbond gekonfronteer, en dit sodoende duidelik gemaak dat die volk geseënd is, en nie vervloek sal word nie. Boonop het die Here aan hulle gewys dat daar 'n ster en septer Koning gaan kom wat al hulle vyande, insluitende Moab, finaal sal vernietig. Hierdie koning het eerstens na Dawid gewys, maar ook verder die toekoms in na Jesus, en selfs tot die finale oordeel wanneer al God se vyande finaal in die vuurpoel gegooi sal word.

Vandag kom ons by die tragiese gebeure wat by Sittim op die Moabsvlakte plaasgevind het, en wat in Num 25 opgeteken is. Vers 1-3 beskryf vir ons wat die situasie was: Ons lees dat hier twee dinge gebeur het wat inmekaar gevleg was. Dis Israelitiese mans het seksuele onsedelikheid gepleeg met Moabitiese vrouens, en verder het die Moabitiese vrouens ook die Israelitiese mans betrek by die aanbidding van hulle god, soveel so dat die mans selfs offers gebring het vir hierdie gode. Die gevolg was dat Israel Baäl-Peor begin aanbid het. Die volk het hulle dus skuldig gemaak aan die oortreding van ten minste drie gebooe: die eerste gebod deurdat hulle ander gode aanbid het, die tweede gebod deurdat hulle die afbeeldings van Baäl aanbid het, en die sewende gebod deurdat hulle onsedelikheid met die Moabitiese vrouens gepleeg het. Uit vers 6 is dit duidelik dat dit nie beperk was tot Moabitiese vrouens nie, maar dat Midianitiese vrouens ook hierby betrokke was. Ons het in Num 22:4 al gesien dat toe die Moabiete bang geword het vir Israel, het hulle saamgespan met die Midianiete. Daardie samewerking gaan dus steeds voort.

As jy deur die uitsprake van Bileam lees in Num 23-24, is die laaste ding wat jy in Num 25 sou verwag om te lees is dat die volk in onsedelikheid en afgodery verval het, en dan juis met die Moabiete en Midianiete! Het die Here hulle dan nie herhaalde male geseën nie? En het die Here dan nie aangekondig dat Moab vervloek is en te gronde sal gaan nie? Het Bileam nie in sy eerste uitspraak gesê dat die volk afgesonder is van die ander nasies nie (Num 23:9)? Nou blyk dit dat Israel met Moab hoereer en selfs hulle gode aanbid. Dit lyk asof Moab die hef in die hand het. Hoe het dit gebeur?

Om dit te verstaan moet ons na Op 2:14 blaai. Hier lees ons dat Bileam vir Balak geleer het om Israel van die Here afvallig te maak deur hulle afgodsoffer vleis te laat eet en onsedelikheid te laat bedrywe. Dit blyk dus dat toe die Here nie vir Bileam toegelaat het om die volk te vervloek soos wat Balak wou hê nie, het Bileam 'n ander plan gemaak. Hy het vir Balak verduidelik dat Balak die volk moet verlei tot afgodery en onsedelikheid. Sekerlik sou dit die toorn van die Here teen die Israeliete laat ontvlam – en dit is mos wat Balak van die begin af wou hê. Dit blyk dus dat Balak hierdie raad gevolg het. Die Moabitiese en Midianitiese vrouens het die Israelitiese mans verlei tot onsedelikheid, en het hulle uitgenooi na offergeleenthede aan hulle gode, en kort voor lank het Israel verval in aanbidding van Baäl-Peor. Boonop moet ons Bileam krediet gee vir die feit dat hy oortuig was dat hierdie plan aanleiding sou gee dat die Here se toorn teen Israel sou ontvlam – dit is presies wat gebeur aan die einde van vers 3.

Die opdrag van die Here aan Moses in vers 4 is dat hy die leiers van die mense wat hulle skuldig gemaak het aan hierdie oortredings moet doodmaak, en hulle in die openbaar (letterlik, in die son -

OAV) moet laat ophang. Die OAV sê dat die oortreders doodgemaak moet word, en alhoewel daar onduidelikheid is oor die presiese betekenis in die oorspronklike Hebreeus, is die meeste vertalings dit eens dat juis die leiers doodgemaak moes word. Moses het toe vir die stamhoofde die opdrag gegee om die Here se opdrag in hulle stamme uit te voer en die aanhangers van Baäl-Peor dood te maak. Natuurlik is hierdie 'n dramatiese ingrype in die lewe van die volk, en is waarskynlik die rede waarom ons aan die einde van vers 6 lees dat Moses en die hele gemeente van Israel by die ingang van die tent van ontmoeting gestaan en huil het. Dit blyk ook uit verse 8 en 9 dat daar reeds 'n plaag onder die volk gewoed het – en duisende is besig om dood te gaan a.g.v. die plaag.

En dan, asof die sonde van die volk nie skokkend genoeg was nie, asof die opdrag van die Here dat die leiers doodgemaak moet word, nie skokkend genoeg was nie, asof die feit dat duisende besig was om aan die plaag dood te gaan, nie genoeg was nie, is daar steeds 'n Israelitiese man wat doodluiters voor die oë van Moses en die huilende volk, 'n Midianitiese vrou onder die volk ingebring het. Die man word in vers 14 geïdentifiseer as Simri, die seun van Salu, wat 'n vooraanstaande man in die stam Simeon was. Die Midianitiese vrou wat hy ingebring het, was Kosbi, die dogter van Sur, wat 'n Midianitiese stamhoof was. Beide was dus vooraanstaande persone. Dit blyk Simri en Kosbi het doodluiters na 'n tent toe gegaan (dit is nie presies duidelik watter tent dit was nie) en daar gemeenskap gehad – en dit terwyl die hele volk by die tent van ontmoeting huil oor die gevolge van hierdie tipe gedrag. Dit is self moontlik dat Simri se pa, Salu, ook doodgemaak moes word. Maar ongeag dit alles, gaan Simri en Kosbi openlik voort.

Vir Pinehas was dit net te veel. Pinehas was die kleinseun van Aäron, die seun van Eleasar, wat op hierdie stadium die hoëpriester was. Pinehas was dus self 'n priester. As Pinehas dit alles sien gebeur, staan hy doodeenvoudig op uit die gemeente, neem 'n spies, gaan na die tent waar Simri en Kosbi is, en steek hulle altwee dood deurdat hy die spies deur hulle altwee dryf. Onmiddelik stop die plaag onder die volk – maar 24 000 is reeds dood.

Die Here verduidelik aan Moses dat Pinehas se optrede die Here se toorn teen die volk laat ophou het. Die rede hiervoor is dat Pinehas deur sy optrede getoon het dat hy vir die eer van die Here opgekom het (NAV). Die OAV vertaal dit soos volg: Pinehas het die Here se ywer onder die volk geywer. Die ESV beskryf Pinehas was jaloers met die Here se jaloersheid. Wat is die punt? Die Here se Naam is deur die volk in oneer gebring. En Pinehas het deur sy optrede gewys dat hy die geskende eer van die Here wil herstel deur diegene wat openlik volhard in die vertrapping van die Here se Naam, dood te maak. En die Here keur dit goed. Vers 11 sê dat as Pinehas dit nie gedoen het nie, sou die Here dit wel gedoen het.

Volgens vers 12, volg die Here dit op deur 'n verbond met Pinehas te sluit. Die NAV sê die verbond sal vir Pinehas altyd ten goede wees, letterlik staan daar die Here het 'n vredeverbond met Pinehas gesluit. Die inhoud van hierdie vredeverbond was dat Pinehas en sy nageslag vir ewig priesters sal wees in diens van die Here.

Ek wil nou hierdie gebeure oordink deur na die volgende drie aspekte te kyk: (1) Die realiteit van sonde, (2) Wat leer ons oor die seën van die Here? (3) Hoe lyk ywer vir die Here?

Die realiteit van sonde

Ek glo dat dit duidelik uit hierdie gebeure blyk dat hier sondige optrede plaasgevind het. Rom 7:7 leer tog dat ons uit die wet van die Here leer wat sonde is – dit is juis die doel met die wet. En soos wat ons vroeër gesien het, is verskeie van die gebooe van die Here oortree: ten minste die eerste, tweede en sewende gebooe. Maar let op hoe wyd en diep die sonde strek in hierdie gebeure:

Dit het opgebou met verloop van tyd. Dit het al begin by Balak, toe hy bang geword het vir die volk. Daarna het hy Bileam verlei om saam met hom te sondig deur die volk te vervloek, en hy het dit gedoen deur Bileam met beloning te verlei. Bileam het geval vir die verleiding. Ja, die Here het hom gekeer om die volk direk te vervloek – maar alhoewel hy groot, heerlike en verreikende uitsprake gelewer het, het nie hy of Balak die inhoud geglo nie. Let op, persone wat groot en heerlike openbarings of lering gee wat getrou is aan die wil van die Here, kan steeds skuldig wees aan growwe sondes. Bileam het nie net nie geglo wat hyself gesê het nie, hy het aktief planne gemaak om teen die wil van die Here op te tree. Hy het Balak oortuig om 'n bose plan te implementeer. Balak het op sy beurt die Moabitiese vrouens oortuig om by hulle bose plan in te koop, hy het selfs die Midianitiese vrouens oortuig om in te koop. Die vrouens het ook gesondig toe hulle ingekoop het. Toe het hulle die Israelitiese mans oortuig, en hulle het gesondig. Selfs leiers in die volk het ingekoop en gesondig. En met verloop van tyd het sonde die norm geword, soveel so dat selfs toe die Here die volk gekonfronteer het, en hulle by die tabernakel gehuil het, het Simri doodeenvoudig voortgegaan voor die oë van die volk.

Dit is steeds die geval. Daar is sonde onder al die volke van die wêreld – onder hulle leiers en ook onder die gewone burgers. Daar is sonde binne die kerk. Daar is sonde wat in die geheim gedoen word, maar daar is ook sonde wat in die openbaar gedoen word. Veral in ons tyd, vind al hoe meer sonde sommer in die openbaar plaas. Trouens, in ons tyd word al meer sondes nie net wettig verklaar nie, ons is by 'n punt waar gestreef word om dit onwettig te maak om nie te sondig nie. Kerke word gedwing om praktyke te implementeer wat teen die Here se wil is. Sonde is orals, en dit is erg!

Wat leer ons oor die seën van die Here?

In Num 23 en 24 is die volk ryklik deur die Here geseën. Die Here het duidelik gemaak dat Hy met die volk werk volgens die beloftes van die Abrahamverbond, dat hierdie beloftes ewige beloftes is, en dus is die volk geseënd. Maar net hierna word ons nou gekonfronteer met die gebeure by Sittim, en die gevolg is dat 24 000 lede van die volk sterf deur die plaag, en wie weet hoeveel sou gesterf het as dit nie vir Pinehas was wat daadwerklik opgetree het nie. Wat het nou van die Here se seën geword? Is dit steeds geldig? Moes of kon die seën van die Here nie die volk gekeer het om in sonde te val nie?

Kom ons dink weer aan die seën wat die Here deur Bileam gegee het: In Bileam se eerste uitspraak het hy gesien die volk is 'n groot volk – wel, dit is steeds die geval. Selfs al is 24 000 mense dood in die plaag, is die gedeelte wat oorbly steeds baie – onthou net die mans bo 20 jaar was meer as 600 000. In Bileam se tweede uitspraak het hy gesê die Here is in die midde van die volk – wel, dit is steeds die geval. Die Here is bewus van die gebeure onder die volk, en Hy laat dit nie daar nie, Hy sê vir Moses wat gedoen moet word om die situasie aan te spreek. Die Here is steeds teenwoordig. In sy derde uitspraak het Bileam gesien dat die volk die beloofde land sou inneem – wel, dit is ook steeds die geval. In sy laaste vier uitsprake het Bileam die koms van die ster en septer Koning aangekondig, asook die vernietiging van die volk se vyande – wel, die geskiedenis wys dat dit steeds gebeur het soos wat Bileam gesien het, en ons het steeds die verwagting dit ten volle sal realiseer met Jesus se wederkoms. Trouens, in Num 25:17 voeg die Here nou spesifiek die Midianiete ook by die lys van volke in Bileam se uitsprake, en dat hulle deur die volk doodgemaak moet word. In Num 31 gebeur dit as die volk onder leiding van Pinehas dit doen, en onder andere ook vir Bileam doodmaak. Al met al moet ons dus sê, die seën van die Here deur Bileam staan steeds ondanks die gebeure by Sittim.

Dit is natuurlik so dat dit juis die verbondsvolk is wat die opdragte van die Here ontvang het by Sinai, en daarvolgens moes leef. Kan ek jou herinner aan Deut 28 waar die volk herhaaldelik herinner word dat hulle hierdie gebooe moet onderhou. Indien hulle dit wel doen, kan hulle die seën van die Here verwag. Maar indien hulle dit nie doen nie, kan hulle die strawwe, oftewel vloeke, van die Here verwag. Die vloeke wat in hierdie hoofstuk gegee word, is baie ernstig: lees verse 20-24 en 45. Telkens lees ons die uiteinde is die uitdelging, uitwissing of vernietiging van die volk. Is dit wat in Num 25 gebeur het? Nee, die volk is sekerlik hard en ernstig aangespreek, maar hulle is nie vervloek in die sin dat dit hulle einde beteken het nie.

Hoe moet ons die gebeure in Num 25 dan sien? Ek is oortuig ons moet dit sien in die lig van Jak 1. Ons kan nie nou in detail hierna kyk nie, maar die argument is soos volg: Die Here toets voortdurend mense deurdat hy hulle in spesifieke situasies bring. Die toets kan of 'n beproewing wees of 'n versoeking. Die verskil tussen 'n beproewing en 'n versoeking is soos volg: 'n Beproeving is 'n toets waarin die persoon wat getoets word leer om te volhard, selfs tot die einde toe, en deur die volharding groei die persoon tot geestelike rypheid, selfs tot volmaaktheid (Jak 1:2-4). Aan die ander kant, 'n versoeking is 'n toets waar die persoon wat getoets word, toegee aan die verleiding wat saam met die toets kom, met die gevolg dat hy op die ou end in sonde val wat selfs op die ou end op die dood uitloop (Jak 1:13-15). In Num 25 is die toets wat die Here stuur Moabitiese en Midianitiese vrouens wat die Israelitiese mans wil verlei tot onsedelikheid en afgodery. Die toets kom na al die Israelitiese mans en is vir almal dieselfde. Sekere mans, soos Simri, gee toe aan die verleiding. Hulle maak die toets 'n versoeking. Hulle begeertes word bevrug en bring sonde voort. Simri, en 24 000 ander betaal met hulle lewens daarvoor. Maar daar is ander mans, soos Pinehas. Dieselfde toets kom na Pinehas – maar hy deurstaan die toets. Hierdie toets word vir hom 'n beproewing. Hy weerstaan die verleiding, trouens hy gebruik dit as 'n geleentheid om te groei, hy demonstreer sy ywer vir die eer van die Here – en hy groei. Hy groei sodanig dat die Here 'n verbond met hom sluit.

Hierdie situasie geld steeds in die Nuwe Testamentiese kerk. Kom ons kyk na die gemeente in Pergamum. In hierdie gemeente was daar mense wat getrou gebly het aan die Here se Naam en nie hulle geloof afgesweer het nie, selfs toe Antipas doodgemaak is nie (Op 2:13). Maar daar was ook mense wat hulle skuldig gemaak het aan onsedelikheid en afgodery. Die oproep van Jesus aan die gemeente is om die kwaad in hulle midde uit te roei, anders sal Hy kom en daardie skuldiges onder hulle uitroei. Dit is wat Pinehas gedoen het – hy het Simri uitgeroei, en voorkom dat die Here moes kom om dit te doen.

Of dink aan die hoëpriesterlike seën in Num 6:24-26. In die eerste plek beloof die Here dat Hy Sy volk, en dus die kerk, sal behoed en bewaar – soos wat Hy die volk bewaar het teen Bileam en Balak se planne toe hulle die volk probeer vervloek het, en selfs toe hulle die volk verlei het tot onsedelikheid en afgodery. In die tweede plek beloof die Here dat Hy Sy aangesig oor hulle sal laat skyn en genadig wees. Toe ons destyds in detail hierna gekyk het, het ons gesê as die Here Sy aangesig oor hulle laat skyn, word al hulle gebreke duidelik. Maar dan beloof Hy om aan hulle genade te bewys. Hier in Num 25 het die Here duidelik uitgewys dat hulle in onsedelikheid en afgodery geval het, maar Hy het ook genade aan hulle bewys onder andere deur die feit dat Pinehas hom vir die Here se eer beywer het, en die gevolg is dat die volk nie uitgeroei word nie, maar wel gesuiwer word. In die derde plek beloof die Here Hy sal Sy aangesig oor hulle verhef en aan hulle vrede gee. In Num 25 realiseer dit as die Here 'n vredeverbond met Pinehas sluit, en ook later as die volk die beloofde land inneem.

Opsommend: Om deur die Here getugtig te word, is 'n seën vir diegene wat die tugtiging gebruik om te groei na onberispelikheid. Dit is waar vir individue, maar was ook waar vir die volk, en is steeds

waar vir die kerk. Tugtiging wat lei tot uitsuiwering van die kerk, is 'n seën, wat deur die genade van die Here lei tot vrede met Hom.

Hoe lyk ywer vir die Here?

In hierdie gedeelte het ons in Pinehas 'n voorbeeld van iemand oor wie die Here self oordeel dat hy hom beywer het vir die eer van die Here. Kom ons dink oor Pinehas, en wat aanleiding gegee het daartoe dat hy op daardie dag gedoen het wat hy gedoen het.

Natuurlik was Pinehas bevoorreg in die sin dat hy deel was van die volk. Maar die feit dat hy deel van die volk was, het nie vir hom beteken dat hy nou maar agteroor kan sit, en net wag tot hy saam met die volk die beloofde land sou ingaan nie. Nee, Pinehas het met oop oë deur die lewe gegaan. Hy het homself vergewis van die dinge wat besig is om onder die volk te gebeur. Hy het waargeneem hoedat die volk hulle skuldig gemaak het aan die oortreding van die Here se gebooie wat Sy voorouers by Sinai ontvang het. Dit beteken dat hy hom reeds moes ingegrawe het in die gebooie van die Here. Hierdie kennis was nie net akademiese kennis nie – nee, hy het verstaan en was oortuig dat die essensie van die gebooie is dat die Here leer dat Hy bo alles geëer moet word. Hy was so oortuig hiervan, hy was bereid om op te staan hiervoor. Hy was bereid om alleen op te staan – voor die hele volk, insluitend sy pa en Moses. Hy was bereid om op te staan al was baie van die volk skuldig aan juis dit waarteen hy opstaan. Hy het opgestaan al kon hy die woede van Simri se familie verwag. En toe hy opstaan – toe handel hy ferm en met oortuiging, en roei die sonde uit.

Onthou verder: hy was die seun van Eleasar. Eleasar is wel die beloofde land in. Eleasar moes dus jonger as 20 gewees het by Kades-Barnea, en dus maksimum 60 jaar hier by Sittim. Dit beteken Pinehas was waarskynlik in die fleur van sy lewe – maar reeds bereid om sy staan te staan ter wille van die Here se eer.

Is dieselfde waar van my en jou? As gelowiges is ons oortuig ons is deel van die ware nageslag van Abraham. Hoe bewus is jy van die dinge wat deesdae in die wêreld en in die kerk gebeur? Dink maar aan liberale teologiese lering, verwickelinge rondom aborsie of homoseksualisme. Sien jy die agteruitgang in die kerk? Sien jy hoe getroue gemeentes krimp en selfs verdwyn? Sien jy hoe lidmate laks raak in hulle toewyding en diens aan die Here? Het jy 'n opinie oor hierdie verwickelinge? Het jy jou ingegrawe in die wil van die Here oor hierdie sake? Is jy veral besorgd daarvoor dat die Here se eer in gedrang kom? Is jy oortuig dat die Here se eer die hoogste doel van alles is? Is jy so oortuig dat jy bereid is om op te staan daarvoor? Selfs voor die hele gemeente? Selfs al verskil die res van die gemeente van jou? Selfs al loop jy die risiko om jou hulle woede op die hals te haal?

Veral as jy 'n leier in die kerk is, is hierdie vrae soveel te meer belangrik. Onthou wat Paulus vir Timoteus skryf: "Verkondig die woord, hou daarmee vol, tydig en ontydig, weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee" (2 Tim 4:2). Leiers het 'n groot verantwoordelikheid om met oortuiging op te tree, veral in 'n tyd waar die kerk baie druk ervaar om toe te gee tot wêreldse opinies.

Die uiteinde vir Pinehas was dat die Here met hom 'n vredesverbond gesluit het waarvolgens hy vir altyd 'n priester sou wees. Wat is die rol van 'n priester? Juis om hom daaraan te wy om hom vir die eer van die Here te beywer. Hierdie is 'n lewenslange taak. Ons moet ons beywer vir die Here se eer, solank as ons leef. Trouens, dit is waarmee ons besig sal wees selfs in die hiernamaals. As dit werklik ons doel is, het ons die versekering van God: ons het vrede met Hom. Onthou, dit was ook die uiteinde van die Num 6 seën: ... en Ek sal jou vrede gee. Wat kan meer kosbaar wees as om vir ewig vrede met God te hê?

